Skoolreëls

VOOR SKOOL EN POUSE:

1. Wanneer leerders skool toe kom, is dit noodsaaklik dat hulle die skolierpatrollie te alle tye gehoorsaam, ter wille van hul veiligheid.
2. Leerders mag nie buite die skoolterrein speel nie – nie voor, tydens of na skool nie.
3. Geen leerder mag die skoolterrein sonder toestemming verlaat nie.
4. Ter wille van sekuriteit en veiligheid, mag geen leerder op stoepe, tussen geboue, in saal, by lapa of by motors ronddwaal of speel nie.
5. Leerders mag nie in klaskamers wees sonder die toestemming van 'n personeellid nie.
6. Fietse moet toegesluit word om die diefstal te voorkom.
7. GEEN spelet jies word op die aantreeblok, voor die saal, of op die stoepe gespeel nie. Dit belemmer die loopruimte en die klaskamervensters word gereeld gebreek.
8. Ouers word aanspreeklik gehou vir enige skade wat 'n leerder aanrig by die skool.
9. Selfone, speelgoed, radio's, kassetspelers en ander nie-skoolverwante artikels mag nie skool toe gebring word nie.
10. Die skool aanvaar geen aanspreeklikheid vir waardevolle artikels wat by die skool wegraak of gekonfiskeer word nie.
11. Balspele word slegs op die rugbyveld toegelaat.
12. Daar sal streng opgetree word teen die leerders wat ander leerders seermaak.
13. Kleedkamers moet net jies gehou en higiënies gebruik word. Indien 'n leerder se gedrag in die kleedkamers onaanvaarbaar is, word dit in 'n baie ernstige lig gesien. Leerders moet trots wees op alle fasette van die skool.
14. Wanneer die klok lui, moet die leerders flink na hul rye beweeg en nie hardloop nie, ter wille van veiligheid en ordelikheid.

KLASWISSELING EN VERDAGING:

1. Leerders stap flink na die volgende klas.
2. EENRIGTING VERKEER word op sowel die stoepe as die trappe gevolg.
3. 'n Leerder mag nie laat by die klas opdaag nie.
4. Klasleiers sien toe dat hul klas flink na die volgende klas beweeg.

NA SKOOL:

1. GEEN leerder verlaat 'n klas voordat die laaste klok lui nie.
2. Slegs die skolierpatrollie-lede en leiers wat aan diens is, stap 5 minute voor die skool uit kom.
3. Na skool mag geen leerder in klasse, in kleedkamers, op stoepe of op die skoolterrein wees, behalwe die naskoolleerders en die leerders wat aan 'n buitemuurse aktiwiteit deelneem nie.
4. Naskoolleerders moet baie nou let op die reëls wat vir hulle geld.
5. Leerders wat aan buitemuurse aktiwiteite deelneem, moet vir hulle onderwyser/afrigter buite die lokaal, bv. saal of klas, wag.
6. Leerders wat vir hulle ouers wag, moet op afgespreekte plek wag en daar moet gereël word dat leerders betyds by die skool gehaal word, aangesien geen leerder sonder toesig en beheer na skool op die terrein mag wees nie.
7. JPF: Indien 'n leerders se ouers hom/haar nie om 12:45 by die skool afhaal nie, word hy/sy teruggeneem na registerklas toe tot 13:15. Gedurende daardie tyd moet 'n ouer sy kind by die klas afhaal, want geen junior leerder mag in die straat wag of op die skoolterrein rondloop nie.
8. Geen leerder mag op die klim-en-klouter apparaat speel na skool nie.

SAALBYEENKOMSTE:

1. Leerders tree STIL aan in net jiese rye reg teenoor hul klasprefek en klasopvoeder. Leerders mag nie by 'n ander klas staan om by hulle maats te wees nie. Elke opvoeder moet sy klas in die saal vergesel.
2. In die saal staan die leerders DOODSTIL, terwyl hulle wag op die hoof se bevele.
3. Geselsery is te alle tye VERBODE in die saal en op die aantreeblok.
4. Na afloop van die saalverrigtinge wag leerders op hulle klasopvoeders en verdaag dan saam met hulle.

IN DIE KLASKAMER:

1. Goeie gedrag in die klas is te alle tye 'n vereiste. Leerders wat hulle swak gedra, ontwrig 'n hele klas en ontneem die res van die leerders kosbare onderrigtyd en -geleentheid. Daar sal opgetree word teen sodanige leerders.
3. Klasleiers en prefekte moet gehoorsaam en gerespekteer word.
4. Geen eetgoed van enige aard mag in die klas geëet word nie.
5. Kougom word nie op die skoolterrein toegelaat nie. Dit sal gekonfiskeer word.
6. Koeldrank wat oopgemaak is, word nie in klasse toegelaat nie. Houers koeldrank in tasse moet dig geseël wees, want dit loop uit en beskadig skrifte en handboeke.
7. Geen gekrap of geskryf op banke, mure en stoele nie.
8. Alle meubels, plakkate, apparaat, toerusting, handboeke, ens. is die skool se eiendom. As 'n leerder dit beskadig, breek of neem sal sy ouers vir die skade moet betaal.
9. Geen apparaat, toerusting of meubels mag sonder 'n opvoeder se toestemming uit sy klas verwyder word nie. Opvoeders is self verantwoordelik vir die uitleen van apparaat en toerusting.
10. Respekteer ander leerders se besittings. Diefstal is 'n kriminele oortreding en daar sal baie streng teen sodanige leerders opgetree word.
11. Indien 'n leerder kleedkamers toe moet gaan gedurende skoolure, word hy/sy nie deur maats vergesel nie.
12. Die siekekamer is slegs vir leerders wat werklik siek is. Sodanige leerders moet toestemming by die betrokke opvoeder kry om siekekamer toe te gaan en dan aanmeld by die toonbank van die kantoor.
13. Geen leerders mag onnodig in die voorportaal vertoef of daarvan 'n deurloop maak nie.
14. GEEN leerder word sonder toestemming in die administratiewe kantoorblok toegelaat nie. Alle leerders meld eers by die navraetoonbank aan.
15. GEEN leerder word in die afrolkamer toegelaat nie. Opvoeders is self verantwoordelik vir afrolwerk of opdragte aan assistente.
16. Leerders mag slegs tydens pouses en naskool gebruik maak van die muntfoon. Leerders moet mekaar konsidereer en slegs 3 minute praat.

Die reël is: geen oproep sal deur die kantoor namens die leerders gedoen word, bv. oor boeke en klere wat tuis vergeet is nie. Slegs in die geval van 'n besering word die ouer gekontak deur die kantoor.

GEDRAG:

1. Groet opvoeders en medeleerders, asook persone/besoekers van buite.
2. Wees hulpvaardig en vriendelik.
3. Wees lojaal teenoor die trots op jou skool.
4. Respekteer opvoeders.
5. Dra 'n positiewe beeld van ons skool na buite.

KLEREDRAG:

1 SOMERSDRAG

1.1 <u>Seuns</u>:

Grys kort- of langbroek
Grys kortmouhemp
Swart skoolskoene met grys kouse
Mag kaalvoet wees indien kortbroek gedra word
Indien die groen kleurbaad jie by die somersdrag gedra word, word die das nie vereis nie
Op koel dae kan 'n groen dri-mac of skooltrui gedra word

1.2 <u>Meisies</u>:

Groen skoolrok met gordel om die middel gedra
Swart skoolskoene met wit skoolsokkies of kaalvoet
Op koel dae kan 'n groen dri-mac of skooltrui gedra word

2 VRYDAGDRAG

2.1 <u>Seuns</u>:

Groen Laer Volkskool kniebroek (sportbroek) met skoolwapen
Tekkies en wit sokkies sonder prent jies of kaalvoet
Volkie gholfhempie met skoolwapen
Bottelgroen dri-mac of sweetpakbaad jie op koel dae
Geen kleurbaad jie by Vrydagdrag nie

2.2 <u>Meisies</u>:

Groen Laer Volkskool kniebroek (sportbroek) met skoolwapen
Tekkies en wit sokkies sonder prent jies/skoolsokkies of kaalvoet
Volkie gholfhempie met skoolwapen
Bottelgroen dri-mac of sweetpakbaad jie op koel dae
Geen kleurbaad jie by Vrydagdrag

3 WINTERSDRAG

3.1 Seuns – formeel:
Grys langbroek
Grys langmouhemp en skooldas met baad jie
Skooltrui/Oortrektrui of bottelgroen dri-mac
Grys skoolkouse met swart skoolskoene
Swart gordel van leer of kunsleer toelaatbaar

Seuns – informeel:
Volledige skoolsweetpak,
Groen Volkiehemp met skoolwapen
Tekkies met witsokkies sonder prent jies

LW: Geen dri-mac mag by sweetpakbroek gedra word nie.

'n Swart serp mag gedra word

3.2 Meisies – formeel:
Swart langbroek
Wit langmouhemp met skooldas
Swart sokkies
Skooltrui/Oortrektrui of bottelgroen dri-mac

Meisies – informeel:
Groen skoolrok
Swart sykouse, swart skoolskoene met kleurbaad jie.
Trui/Oortrektrui of bottelgroen dri-mac.

OF

Volledige skoolsweetpak
Groen Volkiehemp met skoolwapen,
Wit tekkies met wit sokkies sonder prent jies /skoolsokkies.

LW: Geen dri-mac mag by sweetpakbroeke gedra word nie.

'n Swart serp mag gedra word

4 SKOOLSKOENE:

4.1 Seuns:
Swart, toerygskoolskoene.
Geen inglip of gespe-modes word toegelaat nie.

4.2 Meisies:
Swart toerygskoene of skoene met 'n band jie oor die voetbrug.
Geen inglip of diksool modeskoene is toelaatbaar nie.

4.3 TEKKIES:
Moet asseblief oorwegend wit, sporttekkies wees.
Geen diksool of mode-skoene sal toegelaat word nie.

GEEN VRYDAGDRAG WORD IN DIE WEEK GEDRA NIE, SLEGS VRYDAE

LET WEL:

5.1 PROVINSIALE DRAG:
Leerders wat provinsiale kleure in 'n sportsoort verwerf het, mag die volledige sportdrag op 'n Vrydag dra.

5.2 EERSTE SPAN:
Indien 'n EERSTE SPAN geborg word met 'n dri-mac, mag dié baad jie vir die betrokke jaar op 'n Vrydag by die groen kniebroek en Volkie Gholfhemp gedra word.

6 JUWELE:

6.1 OORRINGE VIR MEISIES:
Slegs een net jiese stel goue of silwer klein ringet jies of "studs".

6.2 'n Net jiese seëlring is toelaatbaar.

6.3 Geen ander band jies/kettings nie.

6.4 Haarrekkies en bykomstighede, slegs in die skoolkleure, word gedra sodra meisies se hare skouerlengte bereik.

BELONINGS (VOLKIE-KNOPIES)

DOEL:
Aanmoediging tot deelname, hetsy sport, kultuur of dienslewering. Aan elke aktiwiteit word 'n punt toegewys wat na afhandeling van die aktiwiteit deur die verantwoordelike personeellid toegeken word. Omdat daar leerders is wat nie sportief is of nie baie in kultuuraktiwiteite belangstel nie, word daar "Ambassadeurspunte" toegeken, bv. hulp aan 'n onderwyser, opdaag by funksies, optrede waar die skool se naam eer aangedoen word.

PUNTEVEREISTES:

KLEUR KNOPIES	TOTAAL VAN
Wit knopie	300 punte
Geel knopie	900 punte
Swart knopie	1500 punte
Groen knopie	2100 punte
Silwer knopie	2700 punte
Goue knopie	3500 punte
Goue ster	in uitsonderlike gevalle

KRITERIA:

SPORTDEELNAME:

100 punte word verdien vir getroue oefening en die speel van wedstryde vir

Atletiek	Rugby	Netbal	Krieket
Mini-rugby	Mini-netbal	Tennis	Swem
Mini-krieket	Landloop	Skaak	Mini-tennis
Mini-hokkie			

Afwesigheid van 'n oefening sonder verskoning of om welke rede, kan die afrigter die deelnemer se punte verminder.

KULTUUR:

Koor:
100 punte word opgedeel in 4 kwartale d.w.s 25 punte elk per kwartaal
Getroue bywoning van oefeninge en optredes verseker maksimale punte

Redenaars (Skoolredenaars):
25 knopiepunte vir deelname per item

Eisteddfod:
15 knopiepunte per item word gegee

ATKV:
Deelname 30 punte Rondte 2 60 punte Finaal 100 punte

Skoolbywoning:
Leerders ontvang 25 punte per kwartaal vir 100 % skoolbywoning per kwartaal.

Ambassadeurspunte:
'n "Volboed" Volkie kan deur dienslewering 'n maksimum van 25 punte per kwartaal ververf bv. Sang op pawil joen, opruim, eerlikheid, hulp, terrein opknap, goeie gedrag, volkie trots uitleef.

Dienslewering:
25 punte per kwartaal word toegeken vir kwaliteit volharding van dienste bv. Prefekte, Mediaprefekte, Padpatrollie ens.

PROS EDURE:

1.1 Die aktiwiteitshoof of afrigter sirkuleer die naamlys met punte verdien en die registeronderwyser teken die punte aan op die leerder se knopievorm.
1.2 Wanneer al die aktiwiteite aangeteken is en die leerder kwalifiseer vir sy knopie, word die naam en totale punte na die ad junkhoof gestuur.
1.3 Knopiepunte verdien, word jaarliks oorgedra na die volgende jaar.
1.4 Knopies kan aangekoop word by die finansiële dame tydens pouse.

VERKIESING VAN PREFEKTE: PROSEDURE

* Erekleure : Prefekte en Hoofleiers

	KRITERIA	PUNTE
1	Nominasie deur leeders	5
2	Nominasie deur personeel	5
3	Akademiese prestasie - gem %	
	40–59	2
	60–79	3
	80–100	4
4	Kultuur	
	Per Kultuuraktiwiteit	2
	Leier by die aktiwiteit	3
	Provinsiale deelname	4
5	Sport	
	Per Sportaktiwiteit	2
	Leier by die aktiwiteit	3
	Provinsiale deelname	4
6	Betrokkenheid by ander skoolaktiwiteite bv. dienslewering	10
7	Deelname aan aktiwiteite buite skoolverband per aktiwiteit bv. Ballet, karate	1
8	Gesindheid (sub jektiewe punt)	5
	KRITERIA VIR HOOFSEUN EN MEISIE	
1	Leerlingraadsvoogde en hoof se stem	
2	Hoof het beslissende stem by staking van stemme	

PROSEDURE - LEERLINGRAADSVERKIESING

1 Graad ses leerders ontvang almal klaslyste. Elke leerder kry geleentheid om vir 15 dogters en 15 seuns te stem.

2 Die leerlingraadsvoogde tel dan die stembriewe asook die stemme.

3 Die twintig dogters en twintig seuns met die meeste stemme se name word op 'n nuwe verkiesingslys geplaas.

4 Al die personeel kry geleentheid om na die naamlys te kyk. Personeel mag name byvoeg, maar geen name word afgehaal nie.

5 Nadat alle moontlike nuwe name op lys geplaas is, word die verkiesing gehou aan die hand van die kriteria. (Graad 6 personeel en leerlingraadsvoogde).

6 Die aantal punte word deur die leerlingraadsvoogde gekontroleer.

7 Die 14 dogters en 14 seuns met die meeste stemme is op die leerlingraad. Wysiging/aanpassing t.o.v. getal seuns/dogters kan deur die hoof gekondoneer word.

8 Daar word 'n hoofseun, hoofmeisie, onderhoofseun en onderhoofmeisie aangewys. Die ander leerlingraadslede sal portefeuljes ontvang.

9 Die leerlingraad verkies, gaan op 'n leerlingraadskamp. Aan die einde van die prefekkamp nomineer die prefekte per geslote brief 'n hoofseun en hoofmeisie. Die graad 6 personeel nomineer 'n hoofseun/hoofmeisie. Die prefek voogde nomineer 'n hoofseun/hoofmeisie. Die hoof het die beslissende stem sou daar nie konsensus bereik kon word nie. Kamp is verpligtend.

10 Die nuwe leerlingraad sal amptelik ingestel word met die senior prysuitdelingsfunksie, waar al die hoofleiers bekend gemaak sal word.

11 Leerlingraadslede vanaf ander skole word outomaties gekoöpteer op die leerlingraad.

EREKLEURE EN BALKIES:

Erkenning word aan leerders gegee wat presteer in akademie, kultuur en sport.

- Erekleure: Koord en geel/goud balkie
- Prestasie: Toekenning - geel balkie
- Balkie: Toekenning - wit balkie